NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za – tans onder konstruksie.
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.
- Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

28 Julie 2023: Nr 23/2023

Warmnuus

"As it is in heaven"

Inskrywings kan nou gedoen word

Excelsus se 18de Lentekonferensie vind vanaf *19-21 September* plaas.
* **Lokale**: Universiteitsoord en UP.
* **Registrasie**: **Kliek hier**
* **Kliek hier** vir die **brosjure / program.**
* **Navrae**: Rika excelsus@up.ac.za

Leierskap besin

Die SDR (Sinodale Diensraad) bestaan uit veertig lede en is die Noordelike Sinode se besluitnemende liggaam tussen sinodesittings. Verlede Woensdag, 19 Julie, is die tweede van drie vergaderings vir 2023 gehou. Elke ring het twee verteenwoordigers en na die vergadering is dit hulle verantwoordelikheid om terugvoer te gee aan gemeentes.

By die vergadering is daar o.a. gepraat oot die komende *Dag van Verootmoediging* op Sondag 13 Augustus. Sien die berig wat verlede week verskyn het en hierdie week onder die subhoof "Sinodenuus" herhaal word.

Verder was daar 'n gesprek met die Toelogiese Fakulteit. Die nuwe dekaan, prof. Letsosa is aan die vergadering voorgerstel. Hy het die vergadering daarna in vlot Afrikaans toegespreek. Prof. Danie Veldsman, voorsitter van die Dosenteraad, het 'n treffende teologiese voordrag gelewer rakende die Noordelike Sinode se jaartema:
HOU MEKAAR VAS.

'n Hele aantal ander sake was ook op die tafel. Die volgende is o.a. bespreek: Finale goedkeuring van die Noordelike Sinode se afvaardiging na die sitting van die Algemene Sinode in Oktober, 'n vorderingsverslag van die taakspanne se werksaamhede, die verhouding van die staat met die kerk rakende maatskaplike dienste, beskrywingspunte vir die sitting van Algemene Sinode, asook die beroepingsproses.

"Begin 'n besigheid, met slim besluite"

Dit is die opskrif van 'n artikel wat in die koerant verskyn het na aanleiding van 'n entrepreneurskursus wat verlede week in Polokwane plaasgevind het. **Kliek hier** vir die volledige koerantberig. Die Taakspan Werkskepping het in samewerking met die Ring van Pietersburg/Polokwane se gemeentes, die CMR, en prof. Jurie van Vuuren, dosent in entrepeneurskap by die departement ondernemingsbestuur, UP, het die kursus aangebied. Die doel van die kursus is om mense opgewonde te maak oor die vooruitsig om hulle eie besigheid te begin of om 'n bestaande besigheid te verbeter.

Sinodenuus

❖ Dag van Verootmoediging

Sondag 13 Augustus

Die Algemene Sinode het onlangs ’n versoek aan gemeentes gerig om Sondag *13 Augustus* as ’n dag van veroot-moediging in te rig. Daar sal ook ’n erediens die middag 15:00 gebeeldsend word. **Kliek hier** om Gustav se volledige brief te lees.
By die onlangse SDR vergadering is die volgende beklemtoon:
* Elke gemeente moet die verootmoediging na gelang van julle eie konteks inrig;
* Gemeentes besluit self of hulle aan die geleentheid gaan meedoen.

❖ Leef plastiek-vry

Verlede week het Verskil berig dat daar in die komende weke telkens ’n wenk gaan wees om plastiek-vry te leef.

WENK 1 : **Sê ‘Nee’ vir die GROOT 4**
Oorweeg om die ‘GROOT VIER’ te vermy: plastiese bottels, strooitjies, wegneemkoffie-bekers en inkopiesakke van enkelgebruik-plastiek. Met ‘n paar eenvoudige aanpassings en toevoegings kan jy maklik die ‘Groot vier’ uit jou lewe sny. ‘n Herbruikbare reisbeker is ‘n wonderlike manier vir alle wegneem-koffie-liefhebbers om terug te sny op enkelgebruik-plastiek. Herbruikbare inkopiesakke is nog ‘n maklike manier om nee te sê vir enkel-gebruik plastiek. Hou ‘n lap inkopie-sak in jou motor of handsak. ‘n Vlekvrye staal, glas of bamboes strooitjie is ‘n lekker plaasvervanger vir plastiese strooitjies en ‘n herbruikbare waterbottel in jou motor maak dit makliker om nie ‘n bottel water of koeldrank deur die dag te koop nie.

❖ CMR Daspoort

Jaarlikse RACA-wedren: *19 Augustus* (07:00)

Kom hardloop of stap, elkeen is welkom om teen hulle eie pas deel te neem. Kies tussen die 5 km padwedren of die meer uitdagende 10 km uithou-wedren teen die berg by Daspoort. Die wegspringpunt is by die CMR Daspoort-kantoor langs die kerk.
Inskrywingsgeld: R50/persoon.
Kontak: Danie Fourie 082 962 5565 founad@lantic.net / Petro 082 808 4990 / 012 379 5860 petrofourie@cmrn.co.za.

Kolleganuus

❖ Hospitaal

Derick du Toit [Villieria] het ’n knievervanging gehad.

❖ Bewegings

Charlotte Sibanyoni [Universiteitsoord] het ’n beurs ontvang om vir drie jaar aan die Universiteit van Oslo te gaan studeer. Sy vertrek aan die einde van Augustus.

❖ Verjaarsdagwense

30/07 Jan Blignaut [Emeritus]; CJ van den Berg [Emeritus]; Wynand van Niekerk [Monumentpark]
05/08 Nico van der Westhuizen [Emeritus]

01/08 Ina Bosman [Eggenote van Tienie, Suidoos-Pretoria]; Inge Laubscher [Eggenote van Johan, emeritus]
02/08 Linda van Wyk [Eggenote van Nico, emeritus]
03/08 Maxie de Villiers [Eggenote van Johan, emeritus]
04/08 Ivan Forrest [Eggenoot van Nicole, Waterkloofrif]; Karien Hamman [Eggenote van Jannie, emeritus]
05/08 Lynette Vivier [Eggenote van André, emeritus]; Lynette Botha [Eggenote van Johan, emeritus].

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Kerk-in-Suid (Wierdapark-Suid) [04/08/1982]

❖ Universiteitsoord

30 Julie (11:00) – Orrel en Koperblaaskwintet met Pharny Chrysler-Fox en Brassberries.
06 Augustus (11:00) – Prof. Theo van Wyk en orrelstudente aan UP.
13 Augustus (11:00) – Trompet en orrel, met Anton Delen en Isabelle van Rensburg. **Inligting**: **Kliek hier**. **Toegang**: Donasie.

Kaskar is weer terug!

Die gemeente skryf: "Op *9 Augustus* vanaf 13:00 gaan ons groot feesvier by Universiteitsoord. Ons wil jou uitnooi om hierdie jaar se Bazaar weer eens saam met ons te kom geniet. Skryf jou span in vir ons Kaskar-resies of kom eet net lekker saam. Daar gaan allerhande kosstalletjies wees. Vir meer inligting, hou ons webwerf dop www.universiteitsoord.co.za."

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram vir 2023 Kliek hier.

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Brugbediening

Doel: Verandering van predikant in 'n gemeente laat so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid, totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om brugpredikante op te lei vir die fastilitering tydens hierdie oorgang. **Datums:** Week 1: 31 *Julie - 4 Augustus* / Week 2: *30 Okt - 2 Nov.* **Kursusleier**: Prof Malan Nel; **Koste:** R2 800; **Plek:** Stellastraat. **VBO Punte**: 70. **Kontak:** Irene Thomas, 012 420 4952/irene.thomas@up.ac.za.

Bedieningsdiagnose in gemeentes

Excelsus gaan weer hierdie jaar 'n **werkswinkel** aanbied waar predikante en ander gemeenteleiers opgelei word as begeleiers van 'n *Bedieningsdiagnose in gemeentes*. Die werkswinkel berus op die **werkboek** *"Bediening in en van Missionale Gemeentes"* wat in 2016 deur Malan Nel en Kennon L Callahan gepubliseer is.
Datums: *2 Augustus (14:00-16:30); 3 Augustus (09:00-16:00).* **Waar**: NG Suidoos-Pretoria (Stellastraat). **Aanbieder**: Prof Malan Nel. **Inskrywing**: https://forms.gle/SCKeAAJokUaabU6K8. **Sluitingsdatum:** *1 Augustus*. **VBO punte**: 10. **Kliek hier** vir volledige inligting.

❖ From Childhood to Adulthood: The Science of Spirituality

'n Inleidende werkswinkel

2 Augustus



Dr. Lisa Miller en haar span doseer in die veld van Sielkunde aan die Universiteit van Columbia in New York, VSA.
* Die Oostelike Sinode se taakspan van jeug en gesinne in samewerking met Excelsus nooi gemeentes, leraars, jeugwerkers, jeugleiers/-mentors, asook persone wat hierby kan baat vind uit om 'n **GRATIS webinar** by te woon wat 'n nuwe perspektief sal bied tot wat geloofsvorming in kinders se ontwikkeling beteken. **Kliek hier** vir meer inligting asook om te registreer.

❖ Pastorale Beradingskursus

Trauma as 'n verwoester – Pastorale Perspektiewe

Deur prof Wentzel Coetzer
Die kursus word gerig enersyds op persone met 'n belangstelling in berading (leraars, maatskaplike werkers, jeugwerkers, beraders, ens), en andersyds ook op diegene wat moontlik self op soek is na antwoorde na trauma-tiese ervarings. [**Kliek hier** vir die volledige inligting].

Datum: *15 Augustus (09:00-13:00)* – Zoom aanbieding. **Inskrywing**: **Kliek hier**. **Navrae:** 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com. **Akkreditering**: 5x VBO punte / 4x CPSC punte / ook AFM PCD akkreditasie.

❖ In Pas

Vir leraars en gemeenteleiers

21-23 Augustus
Waar: eMseni konferensiesentrum
Koste: R2600 pp
Bespreek: Ester Steyn: esters@ngkerk.org.za.
Lourens Bosman (Algemene Sinode) skryf namens die *In Pas*-werkgroep: "Die In Pas-werkgroep bied weer werkswinkels aan vir leraars en gemeenteleiers oor hoe om met *In Pas* in die gemeente af te skop. Tydens hierdie "oefenkampe" stig ons ook oefen-gemeenskappe wat die gemeentes help om mekaar verder te ondersteun en by mekaar te leer. Die oefenkamp vir die Noorde van die land is by eMseni Konferensiesentrum naby Kemptonpark.

❖ Onderrig van ons jeug

22 en 23 Augustus
Spreker: Prof Gordon Mikoski

Daar word twee identiese seminare in Pretoria en Johannesburg area gehou:
* **Pretoria**, *22 Augustus*, 09:00-13:45. – **Kliek hier**
* **Johannesburg**, *23 Augustus*, 09:00-13:45 – **Kliek hier**

*** Registrasie: Kliek hier**. * **Sperdatum:** *15 Augustus*; * **Koste:** R150; * **VBO punte**: 5;
* **Navrae**: Lance Thomas lance.thomas@up.ac.za.

Ander nuus

❖ Vakatures

Kerkbode

Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Rustenburg-Suid

Voltydse leraarspos: Kliek hier vir die volledige advertensie.
Navrae: Dolf Smith (083 232 3800: Kerkraadsvoorsitter); Marie Wiliams (014 592 2419 / 071 436 0102: Skriba).

Rustenburg-Proteapark

Voltydse leraarspos: **Kliek hier** vir die volledige advertensie. Die gemeente word tans deur een jeugwerker en twee voltydse leraars bedien waarvan een leraar Maart 2024 die gemeente groet. Diensaanvaarding: *1 Januarie 2024*.

Naskrif